TYDSDUUR: 40 minute

© Kopiereg

Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Vraestelle moet asseblief in STRENG NUMERIESE VOLGORDE volgens studente nommer teruggestuur word. As 'n student meer as een vak skryf, moet sy/haar vraestelle asseblief saamgehou word. Baie dankie.

Afrikaans 1 *(Huistaal)* – Graad 2

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat deur die teks hardop uit te lees.)
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regterkant van elke vraag trek. Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

VOORBEELD

Voorbeeld: **Ek drink my ……**	(a) gesond.	(b) mond.	(c) medisyne.	(d) groente.

Lees die gediggie deur en omkring die korrekte antwoorde vir vraag 1 – 10.

Ek luister na jou hart, meneer,
dit maak 'n groot geraas.
'n Bietjie minder lekkers eet
en sommer hope kaas.

Jy moet saans vroeg gaan slaap, meneer,
en elke aand mooi bad.
En as jy nie pantoffels het,
loop altyd op die mat.

Hoes gou 'n bietjie eers meneer,
sê nege en negentig nou.
Jy moet altyd jou groente
en vleisies deeglik kou.

Maak toe albei oë,
rek baie wyd die mond.
Drink soet jou medisyne,
dan word jy gou gesond.

Deur: Mavis de Villiers

1. Die dokter meet jou koors met 'n ……	(a) kokketiel.	(b) koorspennetjie.	(c) kosblikkie.	(d) klaskamer.

2. Kies die beste woord om die sin klaar te maak. Jy dra jou pantoffels wanneer jy jou …… dra.	(a) sportklere	(b) skoolklere	(c) nagklere	(d) swemklere
3. Watter geluid maak jou hart *(volgens die gedig)* wanneer die dokter daarna luister?	(a) 'n geraas	(b) 'n lawaai	(c) 'n gesuis	(d) 'n geskree
4. Volgens die gedig, wat moet jy eerder eet in plaas van lekkers?	(a) koek	(b) kas	(c) kaas	(d) kos
5. Hoe laat dink jy moet jy in die aand gaan slaap?	(a) twee-uur	(b) agtuur	(c) twaalfuur	(d) vyfuur
6. Wat gebruik jy wanneer jy jouself in die aand bad?	(a) Wasgoed en seep.	(b) Wasbak en seep.	(c) Waspoeier en seep.	(d) Waslap en seep.
7. Wat doen jy wanneer jy 'n verkoue het?	(a) hoes	(b) speel	(c) swem	(d) hardloop
8. Watter nommer kom na nege en negentig?	(a) twintig	(b) negentien	(c) negentig	(d) honderd
9. Kies die woord wat ons gebruik om te sê dat ons koud kry?	(a) hoendervleis	(b) beesvleis	(c) varkvleis	(d) skaapvleis
10. Groente en …… is gesond vir jou. Kies die word wat pas.	(a) lekkers	(b) vrugte	(c) skyfies	(d) kougom